Ontmoeting 1

Die brief aan die Filippense

Kinders leer hoe om vreugde te vind in swaarkry

Teks: Filippense 1:4; 4:4; 4:13

Hulpmiddels:

- Toue
- Ballonne
- Oupa Pietie Preekstoel se brief asook die skapie prentjie hier langsaan in ‘n koevert
- Woorde van Filippense 4:13, elke woord op ’n afsonderlike papier
- Wasgoedpennetjies
- Papier om harte en kruise te maak
- Slakkie die Posslak (meer inligting oor Slakkie Posslak in Boek 11 Ontmoeting 6 “Paulus se brief aan die Romeine”)
- Skryfbehoeftes en skêre

Welkom

Speel ballon voetvlugbal: Span toue laag, ongeveer 60 cm van die vloer af. Die kinders speel in groepe van 4 met twee aan ‘n kant. Gee vir elke groep ‘n ballon. Hulle gaan hulle voete gebruik om die ballon oor die tou te kry. Hulle stut met die ander voet en hande op die grond in ‘n omgekeerde kruip posisie. Hulle kry ‘n punt vir elke suksesvolle skop.

Blaas die ballon: Verdeel in 2 groepe. Elke groep kry ‘n ballon wat opgeblaas moet word. Een kind/leidster in elke groep moet die ballon opblaas. Hulle mag egter net blaas wanneer die kinders in die groep ‘n positiewe opmerking maak. Die groep wie se ballon na ‘n minuut (of minder) die grootste is, wen.

Wyding

Stilword-ritueel: Sit stil op ‘n plekkie, haal diep asem en blaas weer uit.

Luister na die volgende woorde: “Die Here sien jou. Hy ken jou naam. Hy weet hoe oud jy is. Hy weet wat jy doen. Hy weet wat jy sê. Hy sien jou lag. Hy hoor as jy huil. Hy het jou gekies vir sy span.”

Woord

Slakkie is baie opgewonde. Hy kan nie wag om vandag se brief te lees nie.

Slakkie: Ek spring al die hele dag op en af. (En julle het gedink ek kan nie spring nie!) Ek het weer ‘n brief van Oupa Pietie Preekstoel gekry.

(Leidster haal die brief en prent van die skapie uit die koevert.)

Slakkie: Haai, daai skapie spring nes ek – net hoër.

Hier is Oupa Pietie Preekstoel se brief:

Middag maats
Julle het seker gesien hoe bly is die skapie op die prent wat ek gestuur het. Die woorde wat op hom staan, kom uit die brief van Paulus aan die gemeente in Filippi hoofstuk 4 vers 4. Gaan julle dit gou lees?
Dis moeilik om te glo dat Paulus in die tronk was terwyl hy die brief geskryf het. Dit was moeilik in die tronk. Tog was Paulus se hart vol blydskap. Lees Filippense 1: 3–4.
(Leidster of ŉ kind lees die verse.)
Dit was die eerste ding wat Paulus vir die gelowiges wou sê.

Slakkie: Oupa Pietie Preekskool se brief begin dan nie so nie?

Ja, julle wonder seker hoekom het ek nie my brief so begin nie. Ek het eintlik net vergeet hoe mooi dit is. Ons bid mos vir mekaar. Slakkie, vra vir die kinders of hulle vir mekaar bid.

Slakkie: Bid julle regtig vir mekaar?
In die koevert is daar nog ŉ baie mooi vers uit Filippense. Haal dit uit en leer dit. Dis so maklik en goed om te ken.
Slakkie: Uh, ek kan nie leer nie.

Moenie dat ek hoor julle is bang om te leer nie. Dis 1,2,3, dan ken julle dit.
(Leidster haal Filippense 4:13 uit. Die woorde is groot gedruk. Vou dit oop en hang die woorde met wasgoedpennetjies aan een van die toue wat tydens die ballon vlugbal gespeel is. Lees die woorde ritmies en met bewegings saam en na 3 herhalings haal julle van die woorde af. Lees dit weer en haal nog af. Kyk hoe gou kan julle die vers onthou sonder enige woorde aan die tou.)

Oupa Pietie Preekstoel vra:
Ek wonder wat is "alles" waarvan Paulus praat. Wat was die moeilike dinge in sy lewe waarmee hy geweet het die Here sal hom help?
Ek wonder wat is moeilik vir kinders soos julle.

Om aan Jesus te behoort, is die beste ding in die lewe. Dis nie net omdat dit nou lekker is om die Here te ken nie, maar Hy belowe om vir altyd by ons te wees. Uiteindelik kan ons vir ewig by Hom lewe. So of ons lewe of doodgaan, of dit goedgaan en of ons swaarkry, ons behoort aan Hom.
Daar is die mooiste verse in Filippense. Ons het nou al 3 gelees. Fil 4:4, Fil 1:4 en Fil 4:13.
(Lees hulle weer.)



Kinders kry tyd om oor die verhaal te dink:

1. Ek wonder watter vers wil jy kies vir vandag.
2. Ek wonder wat maak jou bly.
3. Ek wonder hoe mens bly kan wees terwyl jy swaar kry.

Werskaf

- Maak harte met verskillende hulpmiddels wat beskikbaar is. Dit kan geteken of geknip word.
- Maak ŉ kruis uit papier: Skryf die woorde van die vrug van die Gees op die been van die kruis. Teken ŉ hartjie in die middel van die kruis waarop jy skryf waarvoor jy dankbaar is.
- Bid vir mekaar: Sit 'n groot koevert of boks op 'n prominente plek vas en gee geleentheid vir kinders om gebedsversoeke op stukkies papier te skryf en te pos. Sorg dat die briefies uitgehaal en voor gebid word. Hierdie gebedspos hoekie kan vir die hele kwartaal beskikbaar wees.

Sluit af met die seënbede